22.(1) No person shall obstruct a passage, corridor, step or other entrance or exit by placing a chair or any other obstruction therein, and no person shall lock, bolt or otherwise fasten a door which is used or provided for public entrance and exit, in such a manner that it cannot be opened immediately without a key or other appliance, or attach or use any adhesive thereon except as prescribed.

(2) No person shall intentionally or maliciously extinguish any light whilst the building is open to the public, and no hirer or occupier shall fail to keep all lights of stairs, passages, porch, lobby and other entrance and exit ways properly lighted.

(3) No person shall intentionally obscure, conceal or efface the notices or signs in the hall.

PROTECTIVE AGENTS AGAINST FIRE OR ACCIDENT SHALL BE LEFT INTACT

23. No hirer or user shall neglect or fail to maintain in proper condition and position, all or any of the installations, appliances, notices or signs which are provided as protective agents against fire or accident in the hired hall or any passage or corridor giving entrance thereto.

SMOKING PROHIBITED

24. Smoking is strictly prohibited in the Town Hall and Banquet Hall and also on the stages, in cloak rooms and immediate vicinity of the halls, except where it forms part of the performance.

GENERAL

PROVISIONS CONCERNING BIOSCOPES

25. If the hall is hired for a bioscope, cartoon or cinematographic show, the hirer shall comply with the provisions of the by-laws concerning such shows which are applicable in the municipality.

CONSENT OF OWNER OF COPYRIGHT SHALL BE REQUIRED FOR PERFORMANCE OR EXHIBITION OF ANY MUSICAL OR OTHER WORKS

26.(1) The letting of any hall in terms of these by-laws shall not be deemed to convey any sanction by the Council for the performance or exhibition of any musical or other work without the consent of the owner of the copy right thereof in any form including the performing rights. The hirer shall be compelled to obtain the consent of any such owner to such extent as may lawfully be required and, if so required by the Council shall produce on demand proof to the satisfaction of the Council of the grant of such consent prior to any such performance or exhibition; failure to produce such proof shall entitle the Council, unless such work be immediately withdrawn on its demand from performance or exhibition, summarily to cancel the reservation of the premises hired, and on written notice to that effect, the right of the hirer to the use or continued use of the hall, shall at once terminate and cease, and the Council may exclude the hirer and his servants and licensees therefrom and decline to give access thereto, and shall not be liable to restore or refund and rent paid in advance or otherwise for the use of the hall.

(2) By signing the agreement form, the hirer shall indemnify and hold harmless the Council from and against any claim for an injunction, damages or otherwise and for costs, including costs between attorney and client, that may be made against it by reason of any infringement by the hirer and any agent, employee, booking agent or servant of the hirer whilst using the hall, of the copyright in any form of any person or company and in the conduct (including external advertisement and broadcasting) of any performance, work or act therein.

(3) Where programmes of music or works to be performed are printed prior to a performance, two copies of such printed programmes shall be handed to the caretaker by the hirer at the conclusion of such performance together with a list in duplicate of the encores rendered. Where the printed programme has not been adhered to, the hirer shall make the relevant alteration, in writing, to such programme so as to show the actual music or work performed. Where no programme of music or works to be performed are printed, a complete list in duplicate of the music or works rendered shall be handed to the caretaker by the hirer at the conclusion of the performance. Such list shall show

- (a) titles or works performed;
- (b) number of times performed;
- (c) description;
- (d) author;
- (e) composer;
- (f) arranger; and
- (g) publisher.

PENALTY CLAUSE

28. Notwithstanding the provisions of section 19, any person who contravenes any provision of these by-laws or commits any breach thereof or fails or neglects to comply with the provisions thereof, commits an offense and shall be liable on conviction to a fine not exceeding R100 and shall, in addition to the penalties imposed on conviction, compensate the Council for any expense incurred by the Council as a result of such contravention of any provision of these by-laws.

JJ ROODT
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 35
Vereeniging
18 November 1987
Notice No 164/1987

MUNISIPALITEIT VEREENIGING

VERORDENINGE BETREFFENDE DIE HUUR VAN DIE GEMEENSKAPSAAL EN TOEBEHORE IN RUST-TER-VAAL

Die Stadsklerk van Vereeniging publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordening hierna uiteengesit wat deur die Raad ingevolge artikel 96 van voornoemde Ordonnansie opgestel is.

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie Verordeninge, tensy uit die samehang anders blyk, beteken-

“huurder” die persoon wat die amptelike ooreenkomsvorm vir die huur van 'n lokaal geteken het, indien die vorm namens 'n klub, firma, of enige ander instelling geteken is, dan ook sodanige klub, firma of instelling.

“lokaal” die saal of gedeeltes daarvan of ver-trek, gang, kombuis of toebehore in die Gemeenskapsaal, Rust-ter-vaal en omvat ook die perseel waarop die saal gebou is en alle toebehore, geboue en toerusting op sodanige perseel.

“opsigter” iemand van tyd tot tyd deur die Raad aangestel om toesig oor die lokale te hou en dit sluit 'n deeltydse opsigter in.

“Raad” die Stadsraad van Vereeniging, die Raad se Bestuurskomitee vir Blankes, asook die Kleurling Bestuurskomitee, vir sover hulle handel kragtens die bevoegdhede wat ingevolge die bepalings van artikel 58 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Administrasie en Verkie-sings), 1960, en artikel 2A van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur (Uitbreiding van Bevoegd-hede), 1962 aan hulle gedelegeer is en enige beamppte aan wie die komitee ingevolge die bepalings van subartikel (3) van genoemde artikel, op gesag van die Raad, die bevoegdhede, funksies en pligte wat ten opsigte van hierdie verordeninge by die Raad berus, kan deleger, en dit inderdaad gedelegeer het;

AFBAKENING VAN VERHUURDE LO-KALE

2. Die huurder mag geen ander gedeelte van die gebou, uitgesonderd die lokaal wat hy huur, gebruik nie en hy is daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat geen persoon wat hy tot die gehuurde lokaal toelaat of enigeen van sy werknemers of helpers enige ander deel van die ge-bou betree of daarin rondbeweeg nie.

BEPERKINGS EN VERHURING

3. (1) Geen godsdienstige genootskap of de-nominasie ongeag wie die huurder ookal mag wees, mag op meer as 10 dae in enige tydperk van 12 maande die lokaal vir godsdienstige of enige ander geestelike doeleindes gebruik nie.

(2) Geen persoon mag in sy privaathoedanig-heid die lokaal sonder die toestemming van die Raad vir godsdienstige of enige ander geestelike doeleindes gebruik nie.

(3) Onderworpe aan die bepalings van subar-tikel (1) sal die saal nie op Gelofte-dag, Kersdag, Goeie Vrydag of Hemelvaartdag verhuur word nie, behalwe vir Kerk- en herdenkingsdienste.

(4) Sonder die toestemming van die Raad mag 'n lokaal nie vir 'n aaneenlopende tydperk van langer as 3 dae aan enige persoon, liggaam of instelling verhuur word nie, behalwe aan 'n godsdienstige genootskap of denominasie.

BEPERKING EN BETALING VAN HUURGELD

4. (1) Alle aansoeke om die huur van 'n lokaal moet gedoen word op die Raad se amptelike aansoekvorm. Die vorm moet deur die huurder onderteken en by die opsigter of die persoon deur die Raad aangewys, ingedien word.

(2) Aansoeke om die huur van 'n lokaal word afgehandel in die volgorde waarin dit ontvang word.

(3) Die heffings vir die huur van enige lokaal is soos deur die Raad by Spesiale Besluit inge-volge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaas-like Bestuur, 1939, vasgestel.

(4) Geen lokaal word bespreek tensy die voor-geskrewe huurgeld vooruit en ten volle betaal en 'n amptelike kwitansie daarvoor uitgereik is nie. Indien die voorgeskrewe heffing nie betaal is soos hierin bepaal nie, het die Raad die reg om te weier om die deure van die gehuurde lokaal oop te maak of om enige persoon toegang daar-toe te weier.

(5) Geen toegangskaartjies mag versprei word of openbare aankondiging gemaak word aan-gaande die beoogde gebruik van 'n lokaal nie, alvorens die bespreking voltooi is nie.

(6) Indien die huurder die bespreking kansel-leer of nalaat om die betrokke lokaal te gebruik,

verbeur hy alle gelde deur hom aan die Raad be-taal ten opsigte van die huurheffing, tensy die betrokke lokaal deur die Raad herverhuur word vir die tyd en datum waarvoor dit vir die be-sprek of aan hom verhuur is, in welke geval hy slegs die bedrag, indien enige, verbeur waarmee die heffing die bedrag deur die Raad ontvang ten opsigte van sodanige herverhuring oorskry.

(7) Die Raad kan, waar hy of enige ander huurder nie benadeel word nie en vir goeie en voldoende redes oordragte van bespreekte da-tums ten opsigte van die lokale teen die gelde van toepassing op sodanige lokale, toelaat son-der enige strafbepaling: Met dien verstande dat die huurder die Raad dienooreenkomstig skriftelik kennis gee voor of op die veertiende dag wat die datum waarop die huur 'n aanvang neem, voorafgaan.

(8) Huurders wat die gebruik van enige lokaal vir repitiesies verlang, moet melding daarvan maak in die aansoek om die gebruik van die lo-kaal. Die vervaardiging of verf van toneelver-siering of dekor in enige deel van die lokaal is nie toelaatbaar nie.

BYSTANDDIENS

5. (1) Waar, na die mening van die Brand-weerhoof, die aard van 'n verrigting of byeen-koms in enige lokaal die aanwesigheid van 'n brandweerman of brandweermanne wenslik maak, is sodanige bywoning verpligtend en die vordering per brandweerman vir sodanige by-woning, soos deur die Raad van tyd tot tyd be-paal, is deur die huurder betaalbaar.

(2) Waar dit na die mening van die Raad raadsaam geag word dat die huurder voorsorg moet tref vir die aanwesigheid van lede van die Suid-Afrikaanse Polisie by die geleentheid waar-voor die betrokke lokaal verhuur word, moet die huurder op sy koste reëlings tref vir die aan-wesigheid van 'n voldoende aantal lede van die Suid-Afrikaanse Polisie om die handhawing van orde by so 'n geleentheid te verseker. Die huurder moet bevredigende bewys lewer van reëlins aldus getref, by ontsteltenis waarvan die Raad die reg het om te weier om die deure van die gehuurde lokaal oop te maak of om enige persoon toegang daartoe te verleen.

TOEPASSING VAN TARIEF

6. Ingeval enige geskil of twyfel ontstaan aan-gaande die tariefskaal wat van toepassing is op enige besondere soort byeenkoms waarvoor enige lokaal, toerusting of diens gehuur moet word, is die Raad se beslissing finaal.

REG OM TE VERHUUR EN OM VER-HURING TE KANSELLEER VOORBEHOU

7. (1) Die Raad behou die reg voor om, son-der verstrekking van redes te weier om 'n lokaal te verhuur, asook om enige bespreking daarvan te kanselleer, of die huurtermyn reeds begin het al dan nie, indien die verrigtinge, volgens die mening van die Raad onwenslik is vir bywoning deur of vertonings aan die publiek, of as die lo-kaal vir doeleindes nodig is wat, volgens die me-ning van die Raad, voorkeur moet geniet en in sodanige geval vergoed die Raad die volle bed-rag sonder rente wat ten opsigte van die huur be-taal is of indien die beëindiging plaasvind gedu-rende die huurtermyn, die proporsionele ge-deelte daarvan. Die Raad is nie aanspreeklik om aan die huurder of enige ander persoon enige bedrag as vergoeding of skadevergoeding of an-dersins te betaal vir enige verlies as gevolg van sodanige weiering of beëindiging nie.

(2) Die Raad behou hom die reg voor om, in die geval van 'n tentoonstelling, opvoering, ver-maaklikheid, rolprent en ander vertoning wat reeds aan die publiek vertoon is en wat, na die mening van die Raad, onwenslik is vir vertoning aan die publiek, enige herhaling daarvan te ver-bied en om enige ooreenkoms met die huurder te kanselleer en geen vergoeding is deur die Raad aan die huurder betaalbaar vir enige ver-lies wat die huurder weens sodanige kansellasie ly nie.

OMVANG VAN HUUR EN BEPALINGS IN VERBAND DAARMEE

8. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2), word die reg hierby aan die huurder verleen om toelating tot die lokaal wat deur hom gehuur is, te reserveer en die huurder is aanspreeklik vir die behoorlike nakoming en uitvoering van die volgende bepalings:

(a) Niemand word tot die gehuurde lokaal toegelaat nie of mag, nadat hy daarin toegelaat is, toegelaat word om daarin te vertoef nie indien hy in 'n besonke toestand verkeer of hom op 'n onbetaamlike wyse gedra of onfatsoenlik gekleed is.

(b) Niemand wat nie na die verrigtinge uitgenooi is of wat nie betaal het vir toegang tot die verrigtinge vir die doeleindes waarvoor die lokaal gehuur is, mag van bedwelmdende drank of ander verversings deur die huurder of leweransier voorsien word nie.

(c) Geen lokaal mag te vol wees nie en die aantal persone wat in die lokaal toegelaat word, moet beperk wees tot die beskikbare sitplekkommodasie. Persone word nie toegelaat om in die gange, paadjies of deuropeninge van die gehuurde lokaal saam te drom nie. Sodra die beskikbare sitplekkommodasie opgeneem is, moet die huurder die toegang van enige persoon verbied ten einde te verhoed dat sodanige sitplek akkomodasie oorskry word.

(2) 'n Gemagtigde beampte van die Raad kan 'n verhuurde lokaal te enige tyd betree en sodanige ondersoek instel as wat hy nodig ag.

9. (1) Die huurder moet toesien dat die lokaal ontruim word en dat alle goedere en artikels wat nie die eiendom van die Raad is nie, uit die gebou verwyder word voor 09h00 op die oggend wat volg op die verstryking van die huurtermyn van die lokaal sonder om afbreuk te doen aan enige daaropvolgende bespreking.

(2) Indien die huurder in gebreke bly om aan die bepalings van subartikel (1) te voldoen het die opsigter die reg om sodanige goedere of artikels op koste van die huurder te verwyder.

(3) Indien die doel waarvoor die lokaal gehuur word na die mening van die Raad sodanig is dat spesiale skoonmaakwerkonderneem moet word, moet die huurder bo en behalwe die bedrag wat kragtens hierdie verordeninge betaalbaar is, sodanige bedrag stort as wat na die mening van die Raad voldoende sal wees om die bykomende onkoste te dek.

ELEKTRIESE BELIGTING, KOOKTOESTELLE EN EETWARE

(1) Geen stowe, kook- of verwarmingstoestelle van water aard ookal, mag in die lokaal gebruik word nie, uitgesonderd die wat deur die Raad goedgekeur of verskaf is.

(2) Die bereiding of opberging van eetware en die plaas van kookgereedskap in enige lokaal of ander vertrek uitgenome die kombuis, is verbode.

(3) Geen onbeskermende ligte, flikkerligte of bykomende beligting van enige aard mag sonder die goedkeuring van die Raad se Elektrotegniese Stadsingenieur (of sy gemagtigde) gebruik word nie. Met dien verstande dat indien sodanige toestemming verleen is, 'n brandweerman of 'n elektrisiën, of albei aanwesig moet wees ten opsigte waarvan 'n bedrag soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, deur die huurder betaal moet word.

(4) Niteenstaande enige iets anders in hierdie verordeninge vervat, mag geen gas-drukkooktoestelle in 'n lokaal gebruik word nie.

VERSKUIWING VAN MEUBELS

11. (1) Geen meubelstuk of artikel van enige aard wat die Raad se eiendom is, mag verskuif of uit enige lokaal verwyder word nie, uitgeson-

derd onder toesig en met die toestemming van die opsigter.

(2) Sonder die toestemming van die Raad mag geen dekor, meubels, monterings, toestelle, uitrusting of eiendom van enige aard deur die huurder op die verhoog gebring word nie.

VERVERSINGSREËLINGS EN VERKOOP VAN ALKOHOLIESE OF ANDER DRANK

12. (1) Die Raad is nie verplig om middele of plek vir die bewaring van goedere, drank of ander eiendom van die huurder of sy gaste, ondersteuners, bediendes of agente vóór, gedurende of na die hou van die byeenkoms waarvoor die lokaal gehuur is, te voorsien nie.

(2) Die huurder is ten volle aanspreeklik vir alle verversingsondernemingsreëlins in of om die gehuurde lokaal, en moet verseker dat die verversingsondernemers sodanige lokaal te alle tye skoon, netjies en vry van afval hou.

TOELATING VAN PUBLIEK EN VERKOOP VAN KAARTJIES

13. Die huurder is verantwoordelik vir alle reëlins in vervang met die toelating van die publiek, die verskaffing van plekaanwysers, polisie en sodanige personeel as wat nodig mag wees om die toelating, teenwoordigheid en gedrag van persone en die verkoop van kaartjies te kontroleer.

VERTONING VAN AANPLAKBILJETTE OF VLAE

14. (1) Sonder die skriftelike toestemming van die Raad word geen buite-aanplakbiljet, kennisgewings, dekorasies, vlæ, afbeeldings of reklame op enige deel van die Raad se perseel toegelaat nie, en dan slegs op sodanige plekke as wat die Raad aanwys en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die Raad bepaal.

(2) Geen binnedekorasies van enige aard, behalwe blommerangskikkings op die verhoog of tafels, word in die lokaal sonder toestemming van die Raad toegelaat nie en geen spykers, drukspykers, kramme of skroewe mag in die mure of monterings of enige ander deel van die lokaal geslaan of gedraai word nie en niks mag deur kleefband daaraan bevestig word nie.

VERBOD OP UITSENDINGS

15. Die uitsending van enige opvoering, voordrag of toespraak deur middel van 'n openbare spreekstelsel of opnemers buite die gehuurde lokaal word nie sonder die skriftelike toestemming van die Raad toegelaat nie.

VERBOD OP VERKOOP VAN WARE

16. Behalwe in die geval van basaars en vendusies mag 'n huurder nie enige voedselware, ander artikel of goedere in die gehuurde lokaal verkoop nie. Met dien verstande dat vendusies slegs toegelaat word indien die huurder bewys lewer dat daar voldoende is aan enige wetsbepaling wat op sodanige verkoping of vendusie van toepassing mag wees.

VERBOD OP GEBRUIK VAN LOKALE

17. (1) Geen lokaal word aan enige persoon anders as aan 'n Kleurling persoon behorende tot 'n groep soos bedoel in artikel 12(1)c van die Wet op Groepsgebiede, 1966, verhuur nie.

(2) Niteenstaande die bepalings van subartikel (1) mag enige bona fide werknemer van die Raad of die huurder in die lokaal toegelaat word met die oog op die uitvoering van sy pligte.

AANSPREEKLIKHEID VAN HUURDER, GEBRUIKERS VAN GEHUURDE LOKALE

AANSPREEKLIKHEID VAN HUURDER EN NAKOMING VAN WETSBEPALINGS

18. (1) Die huurder van enige lokaal moet alle wetsbepalings en verordeninge wat op die lokaal insluitende die gebruik daarvan betrekking het,

behoorlik nakom en hy mag geen oortreding toelaat nie.

(2) Waar die huurder, na die mening van die Raad, enige bepaling van hierdie verordeninge of enige ander wet of verordeninge van toepassing op die gehuurde lokaal oortree of veroorsaak of toelaat dat iemand dit oortree, kan die Raad die huur van die lokaal te enige tyd kanselleer en geen vergoeding is deur die Raad betaalbaar vir enige verlies deur die huurder of iemand anders gelyk nie. Geen terugbetaling van enige huurgeld, deposito of ander bedrae betaal, word deur die Raad as gevolg van sodanige kansellering aan die huurder nie.

AANSPREEKLIKHEID VAN HUURDER VIR BESKADIGING VAN RAAD SE EIENDOM

19. (1) Die huurder is aanspreeklik vir enige verlies, breekskade, of ander skade van water aard ook al wat aan enige lokaal, toebehoort, vaste toebehoort of aan enige eiendom van die Raad, hetsy binne of buite die gehuurde lokaal, of in of aan die gebou gedurende die tydperk waarvoor die lokaal gehuur is, berokken word deur die huurder of deur iemand wat tot die gehuurde lokaal toegelaat is of wat toegang daartoe probeer verkry, of so iemand nou wettig al dan nie in of by die lokaal is, of dit betree het. Dit word geag dat alle verlies veroorsaak deur breekskade of enige ander skade wat berokken is, plaasgevind het, tensy die huurder die aandag van die opsigter op die verlies, breekskade of ander skade gevestig het voordat die huurder die lokaal in gebruik geneem het.

(2) Die Raad kan na goeddunke van die huurder vereis om vooraf 'n deposito te betaal of 'n goedgekeurde bankwaarborg te verskaf vir 'n bedrag van hoogstens R200 om enige moontlike skade of verlies te dek. Ingeval die skade groter is as die voormelde bedrag, is die huurder vir sodanige oorskryding aanspreeklik en kan dit indien nodig, verhaal word van enige ander deposito wat die huurder kragtens hierdie verordening van die huur van die lokaal aan die Raad betaal het.

(3) Na elke byeenkoms moet die verhuurde lokaal deur die opsigter en die huurder of iemand deur en namens hom gemagtig, geïnspekteer word en kennis moet onmiddellik geneem word van enige artikel wat beskadig, verlore of uit die verhuurde lokaal vermis word, of van enige beskadiging aan enige gedeelte van sodanige lokaal, en die huurder moet sodanige beskadigde, verlore of vermiste artikel vervang, of daarvoor betaal asook vir enige beskadiging van enige gedeelte van sodanige lokaal.

(4) Waar die huurder of iemand deur en namens hom gemagtig versuim om te voldoen aan 'n versoek van die opsigter dat die gehuurde lokaal inspekteer word soos onder subartikel (3) beoog, inspekteer die opsigter die lokaal alleen en die huurder is aanspreeklik vir enige gebreke wat deur die opsigter gevind word.

RAAD NIE AANSPREEKLIK NIE VIR VERLIES

20. (1) Die Raad aanvaar geen verantwoordelijkheid of aanspreeklikheid hoegenaamd ten opsigte van enige verlies of skade van of aan enige eiendom, artikel of wat ook al, wat deur die huurder of iemand wat die gehuurde lokaal binnegaan, of gebruik maak van die uitrusting daarin, in of in die nabyheid van die lokaal geplaas of gelaat het; of vir skade van of verlies aan enige persoon of die kleren van sodanige persoon wat die gehuurde lokaal binnegaan of gebruik maak van die uitrusting daarin nie en deur ondertekening van die ooreenkoms voorgeskryf in artikel 4 hierbo, vrywaar die huurder die Raad en stel hom skadeloos teen enige eis deur enige persoon of persone ingestel op enige grond hoegenaamd en ook is die Raad nie aanspreeklik nie vir enige verlies aan die huurder vir enige ongeluk ontvrigting, fout of gebrek ten opsigte van enige masjinerie, toestel, beligting, uitrusting of inrigting daarvan in die gehuurde lokaal of ten

opsigte van enige ander masjinerie, toestelle of inrigting hoe ookal veroorsaak.

(2) Enige eiendom van water aard ookal, wat aan die huurder of aan enige ander persoon behoort wat in die lokaal gelaat word en nie binne 3 maande teruggeëis word nie, word verbeur aan die Raad en word oor beskik soos die Raad voorskryf: Met dien verstande dat in die geval van leë bottels, die Raad die reg sal hê om sodanige bottels te verkoop en die opbrengs te behou indien dit nie binne 7 dae deur die huurder verwyder word nie.

(3) Waar daar gelyktydig gebruik gemaak word van twee nabygeleë lokale is die Raad onder geen omstandighede hoegenaamd verantwoordelik vir enige geraas of steurnis wat 'n hinderlike uitwerking op die gebruik van enige van die gehuurde lokale het nie: Met dien verstande dat die huurders wanneer deur die opsigter daartoe gelas, moet toesien dat die geraas gedemp word.

KLEEDKAMERS

21. Die kleedkamers is onder toesig en in bewaring van die huurder wat self oppassers moet voorsien en aanspreeklikheid aanvaar vir enige fout wat daarin ontstaan of verlies wat daaruit gely mag word.

DEURGANGE EN KENNISGEWINGS MOET BELIG EN ONBELEMMERD GEHOUD WORD

22. (1) Niemand mag 'n gang, deurgang, trap of ander gang- of uitgangsweg belemmer deur 'n stoel of enige ander belemmering daarin te plaas nie en niemand mag 'n deur wat vir die doel van publieke in- en uitgang gebruik of verskaf word, sluit, grendel of andersins vasmaak op so 'n manier dat dit nie onmiddellik sonder 'n sleutel of ander toestel geopen kan word nie, of enige ander bevestigingsmiddel daaraan het of gebruik behalwe soos voorgeskryf nie.

(2) Niemand mag enige lig uitdoof terwyl die gebou vir die publiek oop is nie en geen huurder of okkupeerder mag nalaat om alle traparms, gange, buite- en voorportale en ander in- en uitgangswêre belig te hou nie.

(3) Niemand mag enige kennisgewing of tekening in die lokaal vir die gesig verberg, dit wegsteek of uitwis nie.

BESKERMINGSMIDDELS TEEN BRAND OF ONGELUK MOET ONBELEMMERD GELAAT WORD

23. Geen huurder of gebruiker mag nalaat of versuim om alle of enige van die toerusting, toestelle, kennisgewings of tekens wat as beskermingsmiddels teen brand of ongeluk in die gehuurde lokaal of enige gang of deurgang daartoe verleen voorsien word, in 'n behoorlike toestand en posisie te onderhou nie.

ROOK VERBODE

24. (1) Niemand mag in 'n lokaal rook wanneer 'n kennisgewing wat rook verbied daarin vertoon word nie.

(2) Ondanks die bepaling van subartikel (1) mag niemand op die verhoog rook of verversings van enige aard ookal hou nie, tensy dit deel van 'n opvoering is.

ALGEMEEN

25. Geen bioskoop, tekenrolprent of kinematografiese vertoning mag vir sover Wet 16 van 1977 (Die wet op die verbod van vertoning van films op Sondae en Openbare feesdae) dit verbied op Sondae of openbare feesdae gehou word nie.

TOESTEMMING VAN EIENAAR VAN DIE OUTEURSREG WORD VEREIS VIR UITVOERING OF VERTONING VAN ENIGE MUSIKALE OF ANDER WERK

26. (1) Die verhuur van enige lokaal ingevolge hierdie verordeninge word nie beskou as 'n verlening van enige toestemming van die Raad tot die uitvoering of vertoning van enige musikale of ander werk nie sonder die toestemming van

die eienaar van die outeursreg daarvan in enige vorm met inbegrip van die reg van uitvoering. Die huurder is verplig om die toestemming van enige sodanige eienaar te verkry tot die mate wat regtens vereis word en indien deur die Raad van hom verlang, moet hy op aanvraag tot voldoening van die Raad bewys lewer van die verlening van sodanige toestemming voor enige sodanige uitvoering of vertoning en by ontstentenis van die lewering van sodanige bewys, is die Raad geregtig om, tensy sodanige werk onmiddellik op sy eis aan uitvoering of vertoning ontrek word, die bespreking van die aldus gehuurde lokaal terstond te kanselleer, en by skriftelike kennisgewing te dien effekte word die reg van die huurder en op die gebruik of verdere gebruik van die lokaal onmiddellik beëindig en gestaak, en die Raad kan die huurder en sy bediendes en vergunninghouers daarvandaan uitsluit en weier om toegang daartoe te verleen en is voorts nie aanspreeklik vir die terugbetaling of vergoeding van enige huurgeld wat vir die gebruik van die lokaal vooruit of andersins betaal is nie.

(2) Deur ondertekening van die ooreenkoms vrywaar die huurder die Raad en stel hy die Raad skadeloos vir en teen enige vordering vir 'n geregtelike bevel, vir skadevergoeding of andersins en vir koste met inbegrip van koste tussen prokureur en klient, wat teen die Raad ingestel kan word weens enige oortreding deur die huurder en deur enige agent, werknemer, kaartjie-agent of bediende van die huurder tydens die gebruik van die lokaal, waardeur afbreuk gedoen word aan die outeursreg in enige vorm, van enige persoon of maatskappy en in die hou van enige uitvoering, werk of handeling daarin (met inbegrip van buite-reklame en uitsending).

(3) Wanneer programme van musiek of van werke wat uitgevoer moet word voor 'n uitvoering gedruk word, moet twee eksemplare van sodanige gedrukte programme deur die huurder aan die end van sodanige uitvoering aan die opsigter oorhandig word tesame met 'n lys, in duplo van die gelewerde ekstra nommers. Waar daar 'n afwyking van die gedrukte programme is, moet die huurder sodanige afwyking op sodanige programme skriftelik aanbring ten einde die werklike musiek of werke aan te dui wat uitgevoer word. Waar daar geen programme van musiek of werke wat uitgevoer moet word, gedruk word nie, moet 'n volledige lys van die gelewerde musiek of werke, in duplo, deur die huurder na afloop van die uitvoering aan die opsigter oorhandig word. Sodanige lys moet aantoon —

- (a) die titels van werke wat uitgevoer is;
- (b) hoeveel keer dit uitgevoer is;
- (c) 'n beskrywing daarvan;
- (d) die outeur;
- (e) die komponis;
- (f) die arrangeerder; en
- (g) die uitgewer.

STRAFBEPALING

28. Ondanks die bepalings van artikel 19, begaan iemand wat enige bepaling van hierdie verordeninge oortree of dit skend of versuim of nalaat om uitvoering daaraan te gee, 'n misdryf en is by skuldbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R100 en moet, benewens die strawwe hom opgelê by skuldbevinding, die Raad vergoed vir enige uitgawes deur die Raad aangegaan as gevolg van sodanige oortreding van enige bepaling van hierdie verordeninge.

J J ROODT
Stadsklerk

Munisipale Kantoor
Posbus 35
Vereeniging
18 November 1987
Kennisgewing no 164/1987

2159—18

VILLAGE COUNCIL OF WAKKERSTROOM

ADOPTION OF STANDARD WATER SUPPLY BY-LAWS

1. The Town Clerk of Wakkerstroom hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Village Council of Wakkerstroom has, with the approval of the Administrator, in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted with the following amendment the Standard Water Supply By-laws, published under Administrator's Notice 21, dated 5 January 1977, as by-laws made by the said Council:

By the substitution in section 1 for the definition of "tariff" of the following:

" 'tariff' means the tariff of charges as determined from time to time by the Council in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939;".

2. The Water Supply By-laws of the Wakkerstroom Municipality, published under Administrator's Notice 506, dated 20 August 1947, as amended, are hereby repealed.

C A SMIT
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 25
Wakkerstroom
2480
18 November 1987
Notice No 7/1987

DORPSRAAD VAN WAKKERSTROOM

AANNAME VAN STANDAARDWATER-VOORSIENINGSVERORDENINGE

1. Die Stadsklerk van Wakkerstroom publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Wakkerstroom, met die goedkeuring van die Administrateur, die Standaardwatervoorsieningsverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing 21 van 5 Januarie 1977, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie, met die volgende wysiging aangeeem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is:

Deur in artikel 1 die woordomskrif van "tarief" deur die volgende te vervang:

" 'tarief' die tarief van gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasgestel;".

2. Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Wakkerstroom, afgekondig by Administrateurskennisgewing 506 van 20 Augustus 1947, soos gewysig, word hierby herroep.

C A SMIT
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 25
Wakkerstroom
2480
18 November 1987
Kennisgewing No 7/1987

2160—18

VILLAGE COUNCIL OF WAKKERSTROOM

ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS RELATING TO DOGS

1. The Town Clerk of Wakkerstroom hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Wakkerstroom has, with the approval of the Administrator, in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted with the following amendments the Standard By-laws Relating to Dogs, published under Administrator's Notice 1387, dated 14 October 1981, as by-laws made by the said Council:

(1) By the insertion in section 1 before the definition of "Council" of the following:

" 'charges' means the tariff of charges in connection with the keeping of dogs as determined from time to time by the Council in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939;".

(2) By the substitution in section 1 for the definition of "tax" of the following:

" 'tax' means the tax in respect of dogs as determined from time to time by the Council in terms of section 80B of the Local Government Ordinance, 1939;".

(3) By the deletion in section 2(1) of the words "in the appropriate schedule to these by-laws".

(4) By the deletion in section 5(2)(b) of the words "in the appropriate schedule to these by-laws".

(5) By the deletion in section 6 of the words "in the appropriate schedule to these by-laws".

(6) By the deletion in section 7 of the words "in the appropriate schedule to these by-laws".

(7) By the deletion in section 9(7) of the words "in the appropriate schedule hereto".

2. The By-laws Relating to Dogs of the Wakkerstroom Municipality, published under Administrator's Notice 972, dated 19 December 1956, as amended, are hereby repealed.

C A SMIT
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 25
Wakkerstroom
2480
18 November 1987
Notice No 9/1987

DORPSRAAD VAN WAKKERSTROOM

AANNAME VAN STANDAARVERORDENINGE BETREFFENDE HONDE

1. Die Stadsklerk van Wakkerstroom publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Wakkerstroom, met die goedkeuring van die Administrateur, die Standaard-verordeninge Betreffende Honde, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1387 van 14 Oktober 1981, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie met die volgende wysigings aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is:

(1) Deur in artikel 1 die woordomskrif van "belasting" deur die volgende te vervang:

" 'belasting' die belasting wat die Raad van tyd tot tyd ten opsigte van honde ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasstel;".

(2) Deur in artikel 1 na die woordomskrif van "eienaar" die volgende in te voeg:

" 'gelde' die tarief van gelde wat die Raad van tyd tot tyd in verband met die aanhou van honde ingevolge artikel 80B van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, vasstel;".

(3) Deur in artikel 2(1) die woorde "in die toepaslike bylae by hierdie verordeninge" te skrap.

(4) Deur in 5(2)(b) die woorde "in die toepaslike bylae by hierdie verordeninge" te skrap.

(5) Deur in artikel 6 die woorde "geld in die toepaslike bylae hierby voorgeskryf" deur die woorde "voorgeskrewe gelde" te vervang.

(6) Deur in artikel 7 die woorde "gelde in die toepaslike bylae hierby voorgeskryf" deur die woorde "voorgeskrewe gelde" te vervang.

(7) Deur in artikel 9(7) die woorde "gelde in die toepaslike bylae hierby voorgeskryf" deur die woorde "voorgeskrewe gelde" te vervang.

2. Die Verordeninge Betreffende Honde van die Munisipaliteit Wakkerstroom, afgekondig by Administrateurskennisgewing 972 van 19 Desember 1956, soos gewysig, word hierby herroep.

C A SMIT
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 25
Wakkerstroom
2480
18 November 1987
Kennisgewing No 9/1987

2161—18

VILLAGE COUNCIL OF WAKKERSTROOM

ADOPTION OF AMENDMENT STANDARD STANDING ORDERS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Village Council of Wakkerstroom has, in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, adopted the amendment of the Standard Standing Orders, published under Administrator's Notice 307, dated 21 March 1979, as by-laws made by the said Council.

C A SMIT
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 25
Wakkerstroom
2480
18 November 1987
Notice No 8/1987

DORPSRAAD VAN WAKKERSTROOM

AANNAME VAN WYSIGING VAN STANDAARD-REGLEMENT VAN ORDE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Wakkerstroom die Wysiging van die Standaard-Reglement van Orde, afgekondig by Administrateurskennisgewing 307 van 21 Maart 1979, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordon-

nansie aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

C A SMIT
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 25
Wakkerstroom
2480
18 November 1987
Kennisgewing No 8/1987

2162—18

VILLAGE COUNCIL OF WAKKERSTROOM

ADOPTION OF AMENDMENTS TO STANDARD FINANCIAL BY-LAWS

The Town Clerk of Wakkerstroom hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Village Council of Wakkerstroom has, with the approval of the Administrator, adopted in terms of section 96bis(2) of the said Ordinance, the amendments to the Standard Financial By-laws, published under Administrator's Notices 286, dated 19 March 1969, 164 dated 13 February 1980, and 488 dated 6 May 1981, as by-laws made by the said Council.

C A SMIT
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 25
Wakkerstroom
2480
18 November 1987
Notice No 10/1987

DORPSRAAD VAN WAKKERSTROOM

AANNAME VAN WYSIGINGS VAN STANDAARD-FINANSIËLE VERORDENINGE

Die Stadsklerk van Wakkerstroom publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Wakkerstroom, met die goedkeuring van die Administrateur, die wysigings van die Standaard-Finansiële Verordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewings 286 van 19 Maart 1969, 164 van 13 Februarie 1980 en 488 van 6 Mei 1981, ingevolge artikel 96bis(2) van genoemde Ordonnansie, aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

C A SMIT
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 25
Wakkerstroom
2480
18 November 1987
Kennisgewing No 10/1987

2163—18

TOWN COUNCIL OF WITBANK

LOCAL REGISTERED STOCK

Percentage		Loan No
7,50	1968/93	35
7,00	1968/93	36
7,50	1968/93	37
7,00	1968/98	38
7,50	1968/98	39
7,20	1969/99	40

7,40	1969/94	41
8,625	1973/98	43
9,30	1974/99	45
12,50	1976/96	54
13,00	1976/96	56
12,90	1977/92	59
12,70	1977/97	61
11,73	1978/96	63
10,00	1979/96	67
9,60	1979/97	69
10,00	1980/87	70
11,25	1980/2001	71
13,35	1981/91	73
12,00	1983/98	79
10,00	1985/88	85
10,00	1985/88	86
16,75	1985/88	87
12,00	1986/89	89
13,00	1986/89	91
12,40	1987/90	94
12,48	1987/90	95

The nominal register and transfer books of the abovementioned stock will be closed in terms of section 10 of Ordinance No 3 of 1903, as from 1 December 1987, until 31 December 1987, both dates inclusive, and interest payable in respect thereof on 31 December 1987 will be paid to the stockholders at the closing date.

J D B STEYN
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 3
Witbank
1035
18 November 1987
Notice No 88/1987

STADSRAAD VAN WITBANK

PLAASLIKE GEREISTREERDE EFFEKTE

Persentasie	Lening No
7,50	1968/93
7,00	1968/93
7,50	1968/93
7,00	1968/98
7,50	1968/98
7,20	1969/99
7,40	1969/94
8,625	1973/98
9,30	1974/99
12,50	1976/96
13,00	1976/96
12,90	1977/92
12,70	1977/97
11,73	1978/96
10,00	1979/96
9,60	1979/97
10,00	1980/87
11,25	1980/2001
13,35	1981/91
12,00	1983/98
10,00	1985/88
10,00	1985/88
16,75	1985/88
12,00	1986/89
13,00	1986/89
12,40	1987/90
12,48	1987/90

Die nominale register en oordragboeke vir bovermelde effekte sal, ooreenkomstig artikel 10 van Ordonnansie No 3 van 1903, gesluit wees vanaf 1 Desember 1987 tot en met 31 Desember 1987, beide datums ingesluit. Rente betaalbaar op 31 Desember 1987 sal betaal word aan effek-

tehouers wat geregistreer is op die sluitingsdatum.

J D B STEYN
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 3
Witbank
1035
18 November 1987
Kennisgewing No 88/1987

2164—18

CORRECTION NOTICE

TOWN COUNCIL OF ALBERTON

DETERMINATION OF CHARGES PAYABLE TO THE TOWN COUNCIL OF ALBERTON BY VIRTUE OF THE TOWN-PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE, NO 15 OF 1986.

Local Authorities Notice No 1860-7, Provincial Gazette 7 October 1987, is hereby corrected by the insertion of the amount of R50 in item 3 in the Afrikaans text.

REGSTELLINGSKENNISGEWING

STADSRAAD VAN ALBERTON

VASSTELLING VAN GELDE BETAALBAAR AAN DIE STADSRAAD VAN ALBERTON UIT HOOFDE VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, NO 15 VAN 1986.

Plaaslike Bestuurskennisgewing No 1860-7, Provinsiale Koerant, 7 Oktober 1987, word hiermee verbeter deur die invoeging van die bedrag van R50 in item 3 in die Afrikaanse teks.

2165—18

ROODEPOORT MUNICIPALITY

AMENDMENT TO CHARGES: ELECTRICITY SUPPLY

In terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), it is hereby notified that the City Council of Roodepoort has by Special Resolution resolved to amend and determine with effect from 1 October 1987 the charges under Part II of the Tariff of Charges for the supply of electricity, published in the Provincial Gazette dated 29 December 1982, as amended, as follows:

1. By the substitution in item 4(2)(a) for the figure "4,77c" of the figure "4,471c."

2. By the substitution in item 4(2)(b)(ii) for the expression "150 kVA or 150 kW" of the expression "750 kVA."

L D E WET
Town Clerk

Civic Centre
Christiaan de Wet Road
Roodepoort
18 November 1987
Notice No 99/1987

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT

WYSIGING VAN GELDE: ELEKTRISITEITSVOORSIENING

Daar word hierby ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939

(Ordonnansie 17 van 1939), bekend gemaak dat die Stadsraad van Roodepoort by Spesiale Besluit, met ingang van 1 Oktober 1987 die gelde in Deel II van die Tarief van Gelde vir elektrisiteitsvoorsiening, soos gepubliseer in die Provinsiale Koerant van 29 Desember 1982, soos gewysig, verder soos volg gewysig en vasgestel het:

1. Deur in item 4(2)(a) die syfer "4,77c" deur die syfer "4,471c" te vervang.

2. Deur in item 4(2)(b)(ii) die uitdrukking "150 kVA of 150 kW" deur die uitdrukking "750 kVA" te vervang.

L D E WET
Stadsklerk

Burgersentrum
Christiaan de Wetweg
Roodepoort
18 November 1987
Kennisgewing No 99/1987

2166—18

ROODEPOORT MUNICIPALITY

DETERMINATION OF CHARGES: WATER SUPPLY

In terms of the provisions of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), it is hereby notified that the City Council of Roodepoort has by Special Resolution on 29 October 1987, resolved to amend Part I of the tariff of charges for water supply published in the Provincial Gazette dated 29 December 1982, as amended with effect from 1 November 1987, by the substitution for item 2(1)(a) of the following:

"2. Charges for the supply of water.

(1) For the supply of water to —

(a) special residential erven and agricultural holdings (domestic consumers), per kℓ: 69c."

Copies of the amended determination are open to inspection during office hours in the office of the City Secretary, Civic Centre, Roodepoort for a period of 14 days from the date of publication of this notice.

Any person who wishes to object to this determination must do so in writing to the undersigned within 14 days after the publication of this notice in the Provincial Gazette.

L D E WET
Town Clerk

Civic Centre
Christiaan de Wet Road
Roodepoort
18 November 1987
Notice No 96/1987

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT

WYSIGING VAN TARIEF VAN GELDE: WATERVOORSIENING

Daar word hierby kragtens die bepalings van artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939), bekend gemaak at die Stadsraad van Roodepoort by Spesiale Besluit op 29 Oktober 1987 besluit het om met ingang van 1 November 1987 die gelde in Deel I van die tarief van gelde vir watervoorsiening, soos gepubliseer in die Provinsiale Koerant van 29 Desember 1982, soos gewysig, verder te wysig, deur item 2(1)(a) deur die volgende te vervang:

"2. Gelde vir die lewering van water.

(1) Vir die lewering van water aan —

(a) spesiale woonerwe en landbouhoeves (huishoudelike verbruiker), per kℓ: 69c."

Afskrifte van hierdie wysiging lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, Roodepoort, vir 'n tydperk van 14 dae vanaf publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik binne 14 dae vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

L DE WET
Stadsklerk

Burgersentrum
Christiaan de Wetweg
Roodepoort
18 November 1987
Kennisgewing No 96/1987

2167—18

ROODEPOORT MUNICIPALITY

AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Roodepoort intends amending the Water Supply By-laws adopted by the City Council of Roodepoort in terms of Administrator's Notice 1271 dated 31 August 1977, as amended.

The general purport of the amendment is to do away with the water supply restrictions.

Copies of these draft by-laws are open to inspection at the office of the City Secretary, for a period of fourteen days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette.

Any person who desires to record his objection to the said by-laws shall do so in writing to the undermentioned within 14 days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

L DE WET
Town Clerk

Civic Centre
Christiaan de Wet Road
Roodepoort
18 November 1987
Notice No 97/1987

MUNISIPALITEIT ROODEPOORT

WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Roodepoort van voorneme is om die Watervoorsieningsverordeninge van die Stadsraad van Roodepoort aangeneem by Administrateurskennisgewing 1271 van 31 Augustus 1977, soos gewysig, verder te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om die beperkings ten opsigte van watervoorsiening op te hef.

Afskrifte van hierdie konsepverordeninge lê ter insae by die kantoor van die Stadsekretaris vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum

van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant.

Enige persoon wat beswaar teen genoemde verordeninge wens aan te teken moet dit skriftelik binne 14 dae van die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant by die ondergetekende doen.

L DE WET
Stadsklerk

Burgersentrum
Christiaan de Wetweg
Roodepoort
18 November 1987
Kennisgewing No 97/1987

2168—18

ROODEPOORT MUNICIPALITY

BY-LAWS RELATING TO POSTERS

The Town Clerk of Roodepoort hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939), publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been adopted by the Council in terms of section 96 of the aforesaid Ordinance.

Definitions

1. In these by-laws, unless the context otherwise indicates —

"Council" means the City Council of Roodepoort and includes the management committee of that Council or any officer employed by the Council, acting by virtue of any power vested in the Council in connection with these by-laws and delegated to him in terms of section 58 of the Local Government (Administration and Elections) Ordinance, 1960 (Ordinance 40 of 1960);

"street" means any public street, lane, sidewalk, public open space or park within the municipality of Roodepoort;

"poster" means any notice, advertisement, announcement, device, or other material or object on which writing, print, figures or illustrations have been affixed with the purpose to promote directly or indirectly or to give information to the public or to attract or invite the public to any place, public display, meeting or other event which will take place on a certain date, place and time and includes a banner.

Posters — General prohibition without consent

2. No person shall affix or display a poster or cause the same to be done in or in view of any street, without having had and obtained the written permission of the Council in terms of these by-laws.

Nature and restriction of Posters

